

Die gebou wat voorheen hier was, is lankal uit Pretoria se stowwerige sementvel geruk. Al wat oor is, is 'n enkele muur. Bleek en stewig, die agtergeblewene van 'n stootskrapeer se woede.

Teen die ongeskonde wit muur is 'n engel geverf. Ses meter hoog met magtige swart vlerke wat agter haar uitstrek. Sy vlieg. Sy het 'n swart rok aan. Haar swart hare wapper in die wind. In haar linkerhand hou sy die skaal van geregtigheid vas. Oor haar oë is daar 'n blinddoek.

Sy is gespanne, ingeperk.

Maar nie vir lank nie.

Onder haar, aan haar kaal, beseerde voete, is 'n skare kleiner figure. Mense, rofweg geteken. Die voorstes kniel in verwondering voor haar, maar aan die buitenste rand begin die orde uitrafel. Van die mense het messe uitgepluk. Hulle steek mekaar. Ander bind stroppe om nekke. Van die figuurtjies werp hulleself oor die wêreld se afgrond. Nog ander probeer met alle mag by die engel uitkom. Sommige kry dit reg om teen haar rok op te klim; party urineer op die mense onder hulle. Een het tot bo gebeur. Hy staan op haar linkerskouer, probeer haar blinddoek oplik.

In die engel se regterhand hou sy 'n stywe penis vas, soos 'n swaard. Die penis ejakuleer. Groot wit druppels plas uit haar hand en spat oor die mense aan haar voete.

Hulle verdrink in haar vrugbare woede.

Hul godin van wraak.

Wanneer die wind deur Pretoria se strate huil, hoor 'n mens amper haar vlerke klap, haar hygende bors. Jy kan jou maklik verbeel hoe sy afswiep op dié wat verkeerd doen.

Hoe haar skerp, wit hande die sondaars straf.

Haar lelike, kwaai mond fluister vir die stad: "Ek kom vir julle. Ek kom vir julle. Ek kom."

En uit haar woedende rooi oog kyk die stad. En dit sien.

## Vrydag

### 2

Ben hoor die skoot voor hy dit voel.

Die enjin loop nog, maar sy voet gly van die koppelaar af. Bloed maak die sitplek agter en onder hom nat. Sy hele wese probeer skree, baklei, vlug, maar hy kan nie beweeg nie.

Sy longe is vol bloed. Sy asem roggel.

Die kar hoes. Vrek. Hy hoor mense gil.

Hy het hom gesien, die man wat hom geskiet het. Hy het gesien hoe hy die pistool lig en die sneller trek. Die tevredenheid het soos borrelende swart olie van sy gesig gedrup. Hy ken hom. Hy verstaan hoekom hy geskiet is. Hy was so dom.

Die koeël het deur die oop venster gekom. Hy was stupid om dit oop te los.

“Ben. Fok! Ben!”

Sy is skielik langs die kar. Verbouereerd. Sy ooglede flikker oop en hy sien haar oë, wild van vrees. Hy wil haar gerusstel. Dis nie ‘n big deal nie. Dis soos die keer toe hy deur die koffietafel se glasblad geval het. Ont-hou sy? Hoeveel steke moes hy kry? Ma se wit mat was rooi van die bloed.

Maar hy kan nie praat nie. ‘n Swart gordyn skuif oor sy oë. Hy voel sy hart al hoe stadiger klop. Hy kan nie meer sy tong beweeg nie. Die woorde wil nie uit nie.

Elke sensasie word minder werklik. Die kleure verdof; die wêreld word grys.

Daar is nou meer mense. Hy hoor hulle nog veraf roep en skree. Hulle hardloop rond. Iemand bel die polisie.

Sy pluk die deur oop. Hy voel hoe sy die veiligheids gordel losmaak, haar hande bewe. ‘n Ander stem: “Versigtig.”

“Ben? Kan jy my hoor? Haal asem, oukei? Die ambulans is op pad. Moenie jou oë toemaak nie. Moenie jou fokken oë toemaak nie, hoor jy?” Haar hand klem om syne.

Maar hy moet. Verstaan sy dan nie? Hy moet. Net vir ‘n klein rukkjie. Hy sal nie doodgaan nie. Hy belowe.

Belowe.

Sersant Nolwazi Mngadi is nog nie twee ure aan diens nie en sy's klaar gatvol.

Sy gooi 'n sjokoladepapiertjie by haar kar se venster uit en vryf saggies oor die seerplek op haar neus. Sy is vies. Haar skof het skaars begin toe probeer 'n winkeldief uit haar greep ontsnap en dam haar met die vuus by. Daarna, terwyl haar neus nog bloei, moes sy 'n groep kaalnaelers verjaag. Die studente het jillend vir haar weggehol. Sy sal die eerste een wees wat erken sy is nie vir hardloop gebou nie.

Sy moes nooit die oorplasing Brooklyn toe gevra het nie.

Brooklyn, het sy gedink. Brooklyn PD – soos in New York. Soos in die TV-reeke wat sy so verslind. 'n Gesofistikeerde area, lae misdadafsyfers. Niks ernstiger as diefstal en dronkbestuur nie. Dalk 'n kaping of twee. Maar geen opgekapte liggame nie, geen moord en bendes meer nie, geen kindermishandeling en verkragtings nie. Geen gelukkig-wees-om-aan-die-einde-van-'n-lang-dag-net-nog-te-lewe nie.

Niemand het vir haar gesê Brooklyn se polisiekantoor is tegnies nie in Brooklyn nie, maar in Hatfield. Dat die stasie net 'n blok van die Universiteit van Pretoria se hoofkampus af is. Studente. Oral studente. Dronk, dom studente wat hulle snags in alkohol versuip. In Mamelodi is sy ten minste met respek behandel. Mense het haar geken. Wanneer sy soggens uit haar huis gekom het, het hulle vir haar gewaai, geglimlag. Maar hier. Hier is daar net suur gesigte. En slegte koffie. En bevoorregte, deelydse rassiste wat dink hulle is bo reg en wet verheewe.

Sy hou stil by Frik en Hans, wat met gevoude arms in die halflig van 'n straatlamp na 'n jong man staan en gluur. Eintlik nog 'n kind. Die man kan nie ouer as twintig wees nie. 'n Pap sigaret hang by sy mond uit. Hy trap ongemaklik rond.

Hulle het hom in dié rustige woonbuurt afgetrek. Hier, weg van die geharwar, tussen dié doodgewone huise en strate. Hier kan Nolwazi haar amper verbeel Hatfield bestaan nie. Sy kom parkeer self partymaal hier, tussen die jakarandabome, weg van die neonlawaaie van Hatfield se kroë. Hier kan sy vir 'n rukkie haar radio afskakel en na 'n ander wêreld

ontsnap – ’n wêreld waar geregtigheid nie ’n patetiese, gebroke slagoffer is nie; ’n wêreld waarin daar nog helde is.

Regs van haar – teen die donker horison – is die skerp wit ligte van die snelweg sigbaar; die snelweg wat soos ’n lus om die stad se nek hang.

Die jong man wieg heen en weer soos hy sy gewig van die een been na die ander verplaas. Hy kyk op en betrap haar oë op hom.

“Haai,” hoor sy Frik sê toe sy uitklim. “Hou meisies van daai?” Sy sien hom beduie na die pikswart jeans wat die outjie aanhet. Skinny jeans, bietjie té styf. Die jong man mompel iets, en Frik bars uit van die lag. Dit was ’n retoriese vraag. Hy weet hoe om te verneder.

“Naandsê, Nolly.” Hy knik in haar rigting.

“Naand, Frik. Hans.”

Hans ignoreer haar, soos gewoonlik. Omdat sy swart is? Omdat sy ’n vrou is? Omdat sy ’n hoër rang het? Seker ’n kombinasie van al drie. Dit pla haar meer as wat sy wil erken. Sy behoort dit al gewoonde te wees.

“Hy’t dagga gekoop. By Bra Joe. Daar buite The Dank Den. Hulle sê hulle het aanwysings gevra, maar ek het gesien hoe gee hy vir hulle die pakkie. Met my eie oë. Die chick doen die praatwerk. Ons dink sy steek dit êrens weg.”

Die “chick” staan ’n entjie van haar vriend af en rook. Sy kyk uitdagend na Frik en Hans, asof hulle haar iets skuld, asof sy ’n geheim te vertel het wat sy nie gaan deel nie. Haar rokkie is wit en kort. Dit span styf oor ’n helderblou spanbroek. Haar skoene lê eenkant. Haar geverfde toonnaels flikker elke keer as die polisiekarre se ligte daarvoor flits: blou en rooi, blou en rooi.

“Kom hiernatoe, asseblief. Wat is jou naam?”

“Sophie,” sê die meisie. Sy druk haar sigaret teen die randsteen dood. Die stompie bly op die teer agter toe sy na Nolwazi toe slenter.

“Het jy dagga by jou, Sophie?”

“Nie vanaand nie, mevrou.”

“Kom. Staan hier. Jou hande op die motor. Sprei jou bene.”

Sophie lyk kalm terwyl sy Nolwazi se bevele uitvoer. Sy glimlag selfs effens. Haar vriend bly angstig rondtrippel.

“Is julle seker hy het dit nie by hom nie?” vra Nolwazi vir Frik.

“Ja, man. Sy’s die brein.”

Nolwazi sug. Sy haat dit om mense te deursoek. Sy gaan staan agter

Sophie en beweeg haar hande stadig teen die meisie se bene op, tot net onder haar boude. "Staan regop. Lig op jou arms," sê sy.

Sy vryf van onder die boude af boontoe, oor die rug, tot by die nek. Bring haar hande weer af, vee oor die meisie se sye.

"Draai om."

Sophie is langer as sy.

"Is jy seker jy het nie vanaand dagga gerook nie?"

"Ja, mevrou."

"Ek kan dit aan jou ruik," jok Nolwazi.

"Dis sigarette."

Nolwazi se hande verken Sophie se maag, haar borste, haar armholtes. Niks.

Sy hou nie van die lang, sexy meisie wat so ontspanne lyk nie. Sy kán haar vra om uit te trek, om kaal in die koue kamer in die stasie te kom buk. Maar dan sal al die verdagtes stasie toe moet kom, in hegtenis geneem moet word. Moeite. En sy kan eerlikwaar nie dink dat die meisie die goed so vinnig so goed sou kon weggesteek het nie.

Frik en Hans kom sit saans hier om die hoek. Waar Bra Joe handel dryf, hoop hulle altyd op geleenthede soos dié. Dis maklike werk. En gewoonlik kom niemand agter as van die bewysstukke op pad stasie toe verdwyn nie.

Behalwe as jy Nolwazi is. Dan is dit die eerste ding wat jy agterkom.

"Sy's skoon, ouens."

Hans, wat die deursoekery met 'n valkoog dopgehou het, se dik rooi lippe bewe. Sy sien hoe hy die drang weerstaan om sy voete te stamp. "Fok," sê hy, maar sy stem klink meer na 'n piep.

Frik vra net: "Is jy seker, Nolly?"

"Doodseker." Hy lyk teleurgesteld.

"Goed. Julle kan gaan. Maar moenie dat ons julle weer by Bra Joe vang nie."

"Julle sal nie," sê die meisie.

Nolwazi kyk hoe Sophie en haar vriend vinnig in hulle motor klim. Verbeel sy haar, of klink daar 'n gedempte juigkreet op toe hulle wegtrek? Ten minste het iemand darem 'n goeie aand, dink sy.

Dan onderbreek die blikstem oor haar radio haar gedagtes.

"Wit man in 'n blou Citi Golf. Geskiet. Alle beskikbare beamptes, re-ageer onmiddellik."